



ethnikids
made for me

MOSSIE EN DIE NAGHORINGVOËL

Geskryf deur
Siphokazi Madlingozi

Ilustrasies deur
Anastasya Eliseeva

PUBLIKASIE INLIGTING

Hierdie boek is geskep deur Ethnikids Publiseerders (Ltd) vir Wimpy 2023

Tekskopiereg Siphokazi Madlingozi 2023
Illustrasiekopiereg Anastasya Eliseeva 2023
Vertaal deur Jaco Jacobs

Alle regte voorbehou. Geen uittreksel of deel van hierdie publikasie mag gepubliseer word,
in enige formaat, sonder die geskrewe goedkeuring van Wimpy nie.
Ethnikids Publiseerders is deel van Ethnikids (Ltd)

www.ethnikids.co.za

MOSSIE EN DIE NAGHORINGVOËL

Geskryf deur Siphokazi Madlingozi
Illustrasies deur Anastasya Eliseeva



Eenmaal was daar 'n klein voëltjie
met die naam Mossie.
Mossie was 'n gryskopvoëltjie
wat in 'n towerwoud gebly het.

Elke oggend word Mossie wakker
en gaan seek kos saam met sy
mossiemaats, wat amper nes hy lyk.



Die swerm gaan soek saadjies, plante en klein goggas om te eet.
Niks besonders nie. Nie soos die pelikaan wat met sy groot snawel
afduik en vis gryp wat hy in sy groot keelsak hou om sy selfs groter
maag vol te maak nie.

Mossie se snawel is klein en sy kossies is nog kleiner.

Niemand bewonder ooit die grootte van sy snawel nie.



Mossie se liedjie is sag en soet. Niks besonders nie. Nie soos die
hadida wat selfs groot diere laat skrik nie. Mossie se roep is 'n
piepklein getjilp.

Niemand bewonder ooit sy liedjie nie.





Gelukkig is die valk te groot om in te kom en hy gee gou moed op. Mossie sit daar en bewe. Die valk is so vinnig, dink hy. Ek wens ek was so sterk soos hy. Ek is net 'n swak ou voëltjie en amper het die valk my opgevreet!



Op 'n dag vlieg die swerm nog so lekker toe die mossies 'n valk gewaar! Die valk begin hulle jaag en die mossies moet vinnig skuiling soek. Mossie gaan kruip in 'n boomholte weg. Die valk probeer hom bykom.

Later, toe al die mossies veilig is, vlieg hulle saam terug huis toe.



Mossie is steeds omgekrap, so hy gaan seek 'n bietjie vars lug buite. Hy is somer knorrig. Dis so onregverdig dat hy net 'n klein mossie is. Hy is so ingedagte dat hy nie kyk waar hy loop nie en hy loop in iets sag en donsag vas. "Ag, wat is dit tog nou?" roep hy uit.



Hy kyk op en kan skaars sy oë glo. Voor hom staan die asemrowendste dier wat hy nog ooit gesien het!

Dit is die Naghoringvoël, 'n towervoël wie se vere wense kan laat waar word.





“Asseblief, Naghoringvoël, mag ek een van jou vere kry?”
smeek Mossie.
“Waarom het jy my veer nodig?” vra die Naghoringvoël.
Mossie vertel vir die Naghoringvoël dat ’n valk hom
byna opgevreet het.
Hy sê vir haar dis onregverdig dat
hy net ’n mossie is.

Die Naghoringvoël kry die mossie jammer
en gee vir hom een van haar towervere.
“Met dié veer kan jy vyf wense maak.
Gebruik dit verstandig,” sê die
Naghoringvoël.
“O, dankie!” roep Mossie en gaan terug
huis toe, die gelukkigste voëltjie in die
hele woud.





Tuis gekom, wonder hy
waarvoor hy eerste moet
wens.

Pragtige pienk vere soos
dié van 'n flamink,
besluit Mossie.

“Ek wens met my hele hart ek kan pienk
wees soos 'n flamink,” sê hy.

Die towerkrag werk en Mossie word sowaar pienk!
Hy is so trots op sy nuwe kleur. Wag tot die res van sy
swerm dit sien!

Die volgende oggend pronk
Mossie met sy nuwe vere.
Sy mossiemaats is geskok.


Al wil hulle nie regtig nie, vlieg
die swerm saam met Mossie weg
om kos te gaan soek.

Mossie is baie trots omdat almal
na hom staar.





Terwyl die voëls kos soek, kom die valk weer.
Die mossies laat spat en gaan soek wegkruipplek.



Mossie se pienk kleur is so helder dat die valk hom sien waar hy saam met 'n paar mossiemaats wegkruip. Soos blits duik die valk af en gryp amper een van die mossies.

Toe die valk padgee, is die swerm kwaad vir Mossie. Hulle sê hy kan nie meer saam met hulle vlieg nie.

Diep in die woud kom Mossie 'n groepie pragtige poue teë.
Hy kyk bewonderend na die poue en besluit só 'n kleurvolle
stert en 'n mooi kam is presies wat hy wil hê!

Dit is waarvoor hy volgende wens.



Vir die eerste keer in sy lewe sien
almal vir Mossie raak.
Almal kyk na hom en bewonder sy
glinsterende stertvere.
Hy is trots op sy pragtige nuwe vere
en stap weg met sy kop omhoog.

Kort voor lank word Mossie se
beentjies moeg van die swaar stert
wat hy moet saamsleep.



Geen probleem nie, dink hy toe hy
verby 'n trop volstruise stap.
“Ek wens met my hele hart vir sterk
bene en vlerke soos 'n volstruis,” sê hy.
So, Mossie kry lang, sterk bene en
vlerke soos 'n volstruis.



Almal sien hom raak en
selfs die flaminke lyk
jaloers op sy lang bene.

Mossie raak honger. Dit
is harde werk om sulke
swaar vlerke en sulke
lang bene rond te dra.

Die saadjies, plante en
klein insekte is nie meer
genoeg vir hom nie, maar
sy snawel kan niks groters
eet nie.



Hy stap verby 'n paar pelikane en
onthou ...


“Oeee, dis net ek wil hê!” sê hy.


Met sy hele hart wens hy
vir 'n lang snawel, 'n groot
keelsak en 'n maag wat
hope kos kan hou, nes dié
van 'n pelikaan.



So, hy kry 'n lang snawel,
'n keelsak en 'n groter maag.

Hy stap dadelik dam toe om
vis te gaan vang.





“Haa-haa-haa-die-da!” sing ’n hadida in die verbygaan.
O ja! Ek wou nog altyd soos ’n hadida sing, dink Mossie.
Meer as enige iets, wens hy vir ’n roep soos ’n hadida.
En sowaar, Mossie kan nou soos ’n hadida sing.

By die dam gekom, kyk hy na sy weerkaatsing in die water.
“Haa-haa-haa-die-da!” skree hy en hy skrik hom byna boeglam
vir sy eie stem.



Dit is so hard dat al die visse
verskrik padgee en Mossie kry
niks gevang nie.



Hy stap huis toe, honger,
moeg en eensaam.
Sy ou swerm mossiemaats
kom verbygevlieg. Hulle lyk
so gelukkig daar waar hulle
saamvlieg.



“Kyk hoe gelukkig is die swerm!
Hoor net die mooi soet liedjie wat
hulle sing. Hulle het maats saam
met wie hulle kan vlieg en hope
kos om te eet,” sê Mossie.

Hy weet nou hy het ’n groot fout gemaak.
“Ek wens met my hele hart ek kan weer ’n mossie wees,” sê hy.

Tot sy verbasing gebeur niks. Ag nee! Hy het al vyf wense
opgebruik!
Hy moet die Naghoringvoël gaan soek.



Ná 'n lang soektog kry hy haar uiteindelik.
“Asseblief, o Naghoringvoël, maak my weer 'n mossie,” smeek Mossie.

“Hoekom wil jy terugverander?” vra die Naghoringvoël.
“Ek wens met my hele hart ek kan net weer ek wees!” sê Mossie.

“A, jy het die towerwoorde gevind,” sê die Naghoringvoël. “Jy het uiteindelik geleer hoe spesiaal jy is.”
Met daardie towerwoorde verander Mossie weer in sy ou self.

Hy vlieg terug na sy swerm en daar het hy lank en gelukkig geleef.
Hy het sy vlerkies geklap en kos gaan soek saam met sy swerm mossiemaats wat amper nes hy lyk.

DIE EINDE

